Woensdag **7 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 9**

**Fokusgedeelte: Psalm 9:10-11 (AFR53)**

**Loof God, want by Hom kan jy skuil**

Blydskap en hartseer is dikwels sekondes uitmekaar. Baie van ons kan ons geheel en al met die stelling vereenselwig, heel moontlik ook u. Dawid se lewensreis getuig beslis hiervan, dan gaan dit goed en dan sleg, dan is daar vrede en dan oorlog, dan bou hy en dan vlug hy.

Lees ons die eerste drie verse van Psalm 9, is ons eerste gedagte dat Dawid dit sekerlik geskryf het in een van die goeie tye van sy lewe. Dawid loof, juig, en psalmsing tot die HERE, die Allerhoogste. Hy wil vertel van God se wonderwerke in sy lewe.

Lees ons Psalm 9 verder, is dit duidelik dat dit nie die geval was nie. Ons lees van vyande, haters, poorte van die dood, goddelose en heidene wat almal op Dawid aanstorm. Hoe kan Dawid in sulke tye ’n loflied sing? Die antwoord lê in ken en vertrou.

- KEN – Dawid ken God in diepte. Hy spreek Hom aan as die Verbondsgod, die getroue God wat ewig is en regverdig regeer oor die ganse skepping.
- VERTROU – Dawid vertrou God met sy hele lewe. Hy gaan skuil by God en weet dat Hy hom nooit sal verlaat nie, maar altyd by hom is.

Jesus Christus roep ook ons toe om by Hom te kom skuil (Matt. 11:28). Hy is die Koning van alle konings (1 Tim. 6:15). Wanneer u Hom ken, sal u Hom vertrou.

Vertroue in die HERE bring sekerheid en stabiliteit, dit maak jou hart bly selfs in tye van benoudhede. Vertroue op mense, jouself, jou gesondheid, jou beursie, jou vindingrykheid, jou, jou, jou bring geen stabiliteit nie, omdat dit vol ontrouheid en veranderlikheid is.

Sing vandag ’n loflied of u nou bly of hartseer is, want by God deur Jesus Christus kan u skuil en Hy sal u nooit verlaat nie.

*Sing: Psalm 9-1:1, 6, 7*

*Ds. HL (Henk) Stavast (Nylstroom)*